

2 Junie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:1-17
Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:14-17

Die hele Skrif is deur God geïnspireer

Hierdie gedeelte is nie vir ons onbekend nie! Meeste van ons ken dit waarskynlik uit ons koppe. Die vraag is: Waarom is daar dikwels so 'n verskil tussen wat ek glo met my verstand, selfs bely met my mond, en wat ek in die praktyk doen?

Miskien dink jy nou by jouself: “Maar ek is dan besig om te doen wat ek glo en bely. Hier lees ek dan nou uit die Woord omdat ek die dinge glo. Ek volg die dagstukkies in die Almanak slaafs na! Wat bedoel jy as jy sê daar's 'n verskil tussen wat ek glo en bly en doen?”

Dís wat ek bedoel: Waarheen gaan jou hart vir troos, raad, vir wysheid wanneer die afvallige tye waarin ons leef (die geweld, korrupsie, goddeloosheid, sedeloosheid) jou in lewe direk raak? (vgl. 2 Tim. 3:1-9). As jy wel na God se Woord toe draai, volg jy daardie raad, selfs al is dit baie keer radikaal? Draai jy die ander wang (Matt. 5:39)? Bid jy vir jou vervolgers? Seën jy dié wat jou vervloek (Rom. 12:14)? Oorwin jy die kwaad in ons land met die goeie (Rom. 12:21)?

Ek sien in die bediening en in my eie lewe hoe ons, wat daarop roem dat ons mense van die Woord is, in die praktyk soms net so ongeduldig, afgunstig, naywerig, jaloers, twis soekerig, geldgierig en rassisties is soos mense wat glad nie Bybel lees nie.

Betekén dit daar's fout met die Bybel? Allermens. Die moeilikheid lê in ons harte. Jesus het al vir die Fariseërs gesê: “Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie” (Joh. 5).

Ons fokusverse maak dit so duidelik dat my Bybellees nooit 'n offer kan word waarmee ek God tevrede kan hou nie. Dit moet vir my daarvoor gaan dat ek hierdie lewende Woord biddend lees om my Verlosser, Jesus, se groot liefde vir my beter te leer ken; beter te verstaan hoe opstandig my hart is. Voordat die Heilige Gees vir my sê wat ek moet doen, herinner Hy my aan wat God in Jesus vir my gedoen het!

'n Hart wat hierdeur nuut gemaak is en uit die Woord leef, sal keer op keer verwonderd staan vra: Hoe wil U hê moet ek lewe, Here? So 'n hart sal 2 Timoteus 3:16 baie ernstig opneem en die Woord opdrink met die doel om te gaan doen wat die Here vra, selfs al is dit baie moeilik!

Sing: Psalm 119:22, 26 (2001)

Ds. TF (Thomas) Dreyer (Randburg)